Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 23 JUNIE 2009

Die skool sluit op Vrydag, 26 Junie, om **11:00** vir alle leerders. 'n Lekker vooruitsig om volgende week so 'n bietjie langer in ons bedjies horisontaal te verkeer. Geniet die blaaskans.
Die skool heropen weer op Maandag,
20 Julie, om **07:30** vir alle leerders.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING :
19 JUNIE 2009
Geluk aan die volgende persone wat verkies is tydens die Beheerliggaam-verkiesing:

- Mnr Clint Bailey
- Mnr Paul Els
- Mnr CJ Raath
- Mnr Paul Slater
- Mnr Ben van Rhijn

NASORG-NUUS
Baie geluk aan Lise Nel wat die "skudmasjien" gewen het met kaartjieverkope tydens ons Damestee. Geniet dit en lekker skud.
Geliewe daarop te let dat toesig by ons nasorg elke dag net tot 17:30 is. Daarna is daar geen volwasse toesig op die skoolgronde nie. U kind moet dan by die wagkiosk vir u wag.
Nasorg eindig hierdie kwartaal op 25 Junie om 17:30. Daar is geen toesig op 26 Junie wanneer die skool vir die wintervakansie sluit nie.

HUISEIENAARS
Wil u graag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak **Duvenhage en Briedenhann** by **051 – 4463913**.

HUIS TE HUUR NABY SKOOL, Nerinastraat, Gardeniapark. Langtermyn. 3 Slaapkamers met 3 badkamers en dubbelmotorhuis. R5500 per maand. Beskikbaar 1 Julie 2009 Kontak Ria by 0834173580.

VAKANSIEPROGRAM: 29 Junie tot 3 Julie.

'n Vakansieprogram word vir die Graad 1 – 3 leerders deur Chester Meyer en Alida Nell gedurende die vakansie, aangebied.
Die program is 'n fantastiese geleentheid om u kind se musikale vermoëns te ontwikkel.
TYD: 08:00 – 12:00.
PLEK: Primêre Skool Jim Fouché.
KOSTE: R400,00 vir die week.
Ons het slegs 20 plekke beskikbaar, dus moet u vinnig spring om 'n plek vir u kind te verseker.
Skakel vir Chester Meyer by 0769479158.

KLEREWINKEL NUUS
Die Klerewinkel sal na die vakansie eers op Vrydag, 24 Julie 2009 om 12:30 heropen.
Indien u dringend iets benodig, kan u Martie tot en met 10 Julie 2009 by nr. 072 232 3544 kontak.

FINANSIES
Aangesien die einde van die maand in die vakansie is, verskaf ons graag weer eens die bankbesonderhede indien u die skoolfonds direk wil deponeer :

REK NAAM : JIM FOUCHé PRIMêRE SKOOL
ABSA TJEK REK : 470420553
TAK : 632005

Soos u seker reeds kon agterkom word agterstallige rekeninge nou kwartaalliks oorhandig vir invordering, daarom doen ons 'n beroep op u om gereeld te betaal om, in u eie belang, die ekstra kostes te vermy.

Ons wens u en u kinders 'n rustige en gelukkige vakansie toe.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.schoolink.co.za/psjf

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms